higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N280**(A)**(N21)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# KOSTE-EN-BESTUURSREKENINGKUNDE N6

(4010196)

**21 November 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n antwoordboek van 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOSTE-EN-BESTUURSREKENINGKUNDE N6
TYD: 3 URE
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Toon ALLE berekeninge vir punte om toegeken te word.
4. Gebruik slegs swart of blou ink. Potloodantwoorde sal NIE nagesien word nie.
5. Rond die bedrae af tot die naaste rand.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

| VRAAGNOMMER | ONDERWERP | PUNTE | AANBEVOLE TYDSRIGLYN |
|---|---|---|---|
| 1 | Kortvrae | 50 | 30 |
| 2 | Taak-kostebepaling | 30 | 30 |
| 3 | Kontrak-kostebepaling | 30 | 30 |
| 4 | Standaard-kostebepaling | 30 | 30 |
| 5 | Kostebeheer | 30 | 30 |
| 6 | Begrotings | 30 | 30 |
| | **TOTAAL** | **200** | **180 minute** |

**VRAAG 1**

1.1 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Marginale inkomste of grensinkomste word bereken deur verkope minus (vaste koste/veranderlike koste).

1.1.2 Ekstras in 'n kontrak (verhoog/verlaag) die oorspronklike kontrakprys.


1.1.3 (Ooraanwending/onderaanwending) is wanneer aangewende vervaardigingsbokoste groter is as die aangewende bokoste.

1.1.4 'n (Kapitaal/Verkoops)-begroting word opgestel om te bepaal of 'n bepaalde vaste bate gekoop moet word of nie.

1.1.5 Onvoltooide werk in proses, maar wat nog nie gereed is vir betaling nie, staan bekend as (gesertifiseerde/ongesertifiseerde) werk.

(5 × 2) (10)

1.2 Bestudeer die grafiek hier onder en beantwoord die vrae:




1.2.1 Wat verteenwoordig F? Gee 'n verduideliking vir die antwoord. (4)

1.2.2 Benoem die volgende lyne:

(a) Lyn AC

(b) Lyn BE

(c) Lyn BD

(3 × 2) (6)

1.3 Voltooi die tabel hier onder deur slegs die rekening wat gedebiteer of gekrediteer moet word op grond van die gegewe transaksie langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.8) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

| TRANSAKSIES | REKENING OM TE DEBITEER | REKENING OM TE KREDITEER |
|---|---|---|
| Direkte materiaal uitgereik | (1.3.1) | (1.3.2) |
| Direkte arbeid toegewys | (1.3.3) | (1.3.4) |
| Materiaal op krediet gekoop | (1.3.5) | (1.3.6) |
| Aangewende bokoste (fabriek) | (1.3.7) | (1.3.8) |

(8 × 2) (16)

1.4 Kennedy Vervaardigers maak meubels. Hulle het bereken dat dit 5 ure teen 'n tarief van R50 per uur behoort te neem om een koffietafel te maak.

Aan die einde van die finansiële tydperk is 14 500 ure gebruik om 3 000 koffietafels te vervaardig, teen 'n tarief van R45 per arbeidsuur.

1.4.1 Hoeveel is in arbeid betaal vir die produksie van 3 000 koffietafels? (2)

1.4.2 Hoeveel standaardure is gebruik om die 3 000 koffietafels te vervaardig? (2)

1.4.3 Bereken die arbeidstariefvariansie en noem of die variansie gunstig of ongunstig is. (6)

1.5 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Een van die volgende het geen uitwerking op 'n kontantbegroting nie:

A Toerusting aangekoop
B Slegte skuld
C Elektrisiteit betaal
D Rente op verbandlening

1.5.2 'n Maatskappy wat teen 45% werk, se elektrisiteitsbesteding is R1 500. Indien hulle teen 75% werk, sal hul elektrisiteitsbesteding .... wees.

A R1 125,00
B R2 500,00
C R 900,00
D R 675,00

(2 × 2) (4)
**[50]**

**VRAAG 2**

Zambukery Bpk vervaardig babakomberse. Die volgende is 'n uittreksel uit hul boeke op 30 Junie 2016:

| TAAK | XXX1 | XXX2 | XXX3 |
|---|---|---|---|
| Materiaal 01/06/16 | 25 000 | 20 350 | 19 000 |
| Arbeid 01/06/16 | 18 000 | 17 000 | 16 500 |
| Aangewende bokoste 01/06/16 | 62 500 | 32 250 | 36 125 |
| | | | |

Koste aangegaan vir die huidige maand:

| | XXX1 | XXX2 | XXX3 |
|---|---|---|---|
| Materiaal | 105 000 | 52 000 | 76 000 |
| Arbeid | 85 000 | 36 000 | 55 000 |
| Verkoops-en-bemarkingskoste | - | 2 200 | 2 200 |

Aantal eenhede geproduseer vir Taak XXX1, XXX2 en XXX3 was onderskeidelik 6 000, 7 000 en 8 000.

BYKOMENDE INLIGTING

- Die maatskappy het sy bokoste toegedeel teen 'n tarief van R15,00 per eenheid geproduseer.
- Al drie take is voltooi en gefaktureer teen R65,00 per eenheid.

**VERLANG**

2.1 Voltooi die werkkaart vir Taak XXX1. (5)

2.2 Bereken die wins/verlies vir Taak XXX2 en Taak XXX3. (18)

2.3 Voltooi die produksiekontrolerekening in die algemene grootboek van Zambukery Bpk. (7)

**[30]**

**VRAAG 3**

Bandts Kontrakteurs het gedurende die jaar aan twee kontrakte gewerk, naamlik die Buphelo-kontrak en die Buitumelo-kontrak. Die kontrak handel oor die konstruksie van twee openbare hospitale in Mpumalanga.

Die volgende inligting oor hierdie kontrakte is uit hul boeke verkry:

| | **BUPHELO-KONTRAK** | **BUITUMELO-KONTRAK** |
|---|---:|---:|
| Kontrakprys | 2 500 000 | 3 600 000 |
| Gesertifiseerde werk | 1 000 000 | 1 800 000 |
| Ongesertifiseerde werk | 600 000 | 750 000 |
| Lone | 150 000 | 400 000 |
| Materiaal uitgereik | 300 000 | 350 000 |
| Depresiasie | 55 000 | 265 000 |
| Materiaal oorgedra na Buitumelo | 160 000 | ? |
| Totale verwagte koste | 1 800 000 | 1 750 000 |
| Ekstras | 50 000 | 75 000 |
| Kontant ontvang | 980 000 | 1 700 000 |
| Voorsiening vir verborge gebreke | 15% van wins | Retensiegeld |

3.1 Stel die kontrakrekening op vir die Buitumelo-kontrak. (8)

3.2 Bereken die persentasie van voltooiing vir albei kontrakte deur die gesertifiseerde werk as 'n basis te gebruik. (8)

3.3 Bereken die wins vir die jaar vir die Buphelo-kontrak met behulp van die volgende formule: (Toon al jou berekenings.)

$$\% \text{ voltooiing} \times \frac{\text{beraamde wins}}{1} \times \frac{\text{kontant ontvang}}{\text{gesertifiseerde werk}}$$ (8)

3.4 Bereken die aangepaste wins vir die Buphelo-kontrak, met inagneming van die voorsiening van 15% vir verborge gebreke p die berekende wins. (6)

**[30]**

**VRAAG 4**

Dembe Produksies het die volgende inligting rakende hul produksie verskaf:

STANDAARDINLIGTING

Die onderneming gebruik 2,75 kg materiaal per eenheid teen 'n standaardtarief van R6,50 per kg.

Twee arbeidsure word benodig om EEN eenheid te produseer. Die standaardtarief vir arbeid is R5,85 per uur.

Die onderneming se werklike rekords het die volgende getoon:

> 600 kg materiaal is teen 'n totale prys van R4 200 aangekoop. Die maatskappy het 190 eenhede geproduseer, deur 450 kg materiaal te gebruik.
>
> 400 arbeidsure is geklok teen 'n totale koste van R3 600.
>
> Vate bokoste: R42 300
>
> Veranderlike bokoste: R38 000

Begrote inligting was soos volg:

> Vaste bokoste: R43 000
>
> Veranderlike bokoste: R38 500
>
> Arbeidsure: 300

**VERLANG**

Bereken die volgende variansies: (Dui vir elke variansie aan of dit gunstig of ongunstig is.)

4.1 Prys van materiaal

4.2 Hoeveelheid materiaal

4.3 Arbeidstarief

4.4 Arbeidsdoeltreffendheid

4.5 Vastevervaardigingsbokoste-besteding

4.6 Veranderlikebokostetarief-variansie

(6 × 5) **[30]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 5**

5.1 Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die boeke van Vhandilani Bpk:

| | |
|---|---|
| Direkte materiaal | R15 per eenheid |
| Direkte arbeid | R20,00 per eenheid |
| Vaste fabrieksbokoste | R15 000 |
| Vaste kantoorbokoste | R12 500 |
| Reklame- en administratiewe koste: | |
| Vaste | R25 000 |
| Veranderlike | R32 000 |
| Aantal eenhede vervaardig | 1 500 eenhede |
| Aantal eenhede verkoop teen R300,00 per eenheid | 1 000 eenhede |

Stel die inkomstestaat op deur die direkte/marginale metode te gebruik. (10)

5.2 Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die boeke van Funanani Vervaardigers:

| | |
|---|---|
| Vaste koste | R10 000,00 |
| Veranderlike koste per eenheid | R12,00 |
| Aantal eenhede vervaardig en verkoop | 2 000 |
| Verkoopsprys per eenheid | R20,00 |

Bereken:

5.2.1 Die gelykbreekhoeveelheid (5)

5.2.3 Die gelykbreekwaarde (5)

5.2.3 Veiligheidsmarge in rand-waarde (3)

5.3 Teken die gelykbreekgrafiek op grond van die inligting hier bo. (7)
**[30]**

## VRAAG 6

6.1 Die volgende verkoopsyfers is uit die boeke van Capricorn Vervaardigers verkry:

| | |
|---|---:|
| Maart | R400 000 |
| April | R450 000 |
| Mei | R500 000 |
| Junie | R550 000 |
| Julie | R600 000 |
| Augustus | R650 000 |

- 80% van verkope is op krediet
- 50% van kredietverkope word in dieselfde maand as die transaksie ingevorder
- 25% van kredietverkope word een maand ná die transaksie ingevorder
- 20% van kredietverkope word twee maande ná die transaksie ingevorder
- 5% van kredietverkope word as slegte skuld afgeskryf

**VERLANG**

6.1.1 Bereken die kontantverkope vir Junie, Julie en Augustus. (3)

6.1.2 Bereken die kontant van debiteure ontvang vir Junie, Julie en Augustus. (13)

6.2 Bereken die ontbrekende bedrae in die volgende onvolledige veranderlike begroting en skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.2.1–6.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

| | **ARBEIDSURE** | | |
|---|---:|---:|---:|
| | 4 000 | 5 000 | 8 000 |
| VERANDERLIKE KOSTE | | | |
| Direkte lone | (6.2.1) | 175 000 | (6.2.2) |
| Indirekte materiaal | 142 000 | (6.2.3) | (6.2.4) |
| Versekering | 750 | (6.2.5) | 1 500 |
| | | | |
| VASTE KOSTE | | | |
| Huur betaal | 1 200 | (6.2.6) | 1 200 |
| | | | |

(6)

6.3 Denva Computing, produsente van rekenaarmuise en -sleutelborde, het jou van die volgende inligting voorsien vir die jaar geëindig 31 March 2015.

Gebruik die inligting hier onder om die produksiebegroting op te stel.

| | **MUISE** | **SLEUTELBORDE** |
|---|---|---|
| Verkope (eenhede) | 5 000 | 3 000 |
| Produksietarief per uur per eenheid | R15,00 | R25,00 |
| Produksie-ure per eenheid | 2 | 3 |
| Voorraad voltooide goedere:<br>Op 1 April 2014<br>Op 31 Maart 2015 | <br>2 500<br>2 750 | <br>1 800<br>1 950 |
| | | |

(8)
**[30]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou